

21 November

Skrifgedeelte: 2 Samuel 6

Fokusgedeelte: 2 Samuel:6-9

Die enigste manier om die HERE te eer, is om sy voorskrifte te hou

Dit klink erg. Hoe kan die HERE so wreed wees, so onregverdig om Ussa met die dood te tref? Hy wou tog goed doen. Hy wou net keer dat die ark nie val nie. Dawid het die ark, die simbool van die HERE se teenwoordigheid, na Jerusalem laat bring. Dit was deel van sy regeerstyl. As koning wou hy die volk in die weë van die HERE lei, maar nou moet hy leer dat die HERE self bepaal hoe Hy geëer wil word.

Dit is ontsagwekkend hoe Hy mense tot orde roep. Dawid dink hy doen goed, Ussa ook, maar die HERE word toornig. Hy handhaaf sy eer teen die vergryp. Dit beteken Hy oordeel dat Ussa voorbarig optree. Hierdie oortreding volg op 'n gebrek aan eerbied vir sy voorskrifte. Hy het in Num 4:15 beveel dat hulle nie aan die ark mag raak nie. Hulle mag dit ook nie op 'n wa laai nie. Die Leviete moet dit aan die draaghoute dra. Omdat hulle sy voorskrifte nie volg nie, straf Hy hulle voorbarigheid.

Hy bring die hele proses tot stilstand, sodat Dawid kan leer om Hom te vrees. Hy moet weet dat eiewilligheid in diens van die HERE nie deug nie. Godsdien vereis ontsag vir Hom. Alles is nie maar net reg omdat dit godsdienstig genoem word nie. Gewoonte of noodsaak of wat ons ook al as goed beskou, mag nie ons godsdien bepaal nie. Die eie ek moet voor God buig.

Dit is die vrug van die genade in Christus vir ons lewe. Hy het Hom verneder om sy Vader se wil te doen. So het Hy ons eiewilligheid weggeneem. Die gesindheid wat in Christus was, werk die Heilige Gees nou in ons. Vra nederig na sy wil.

Sing: Psalm 89:3,6 PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)